ISSN 0258-0152

# SWART OP WIT

jg 2/3 vere et iucunde Julie 1986

# PLEIDOOI OM 'N DEURBRAAK

In Die Kerkbode is die afgelope maande 'n hele aantal briewe gepubliseer wat beswaar maak teen uitgangspunte, tendense en standpunte in Bybelkor se Gemeentebou-reeks. Daar was ook enkele korrespondente wat die betrokke kursus probeer verdedig het, maar dit was baie duidelik dat geen deskundige dit probeer doen het nie.

Die gewig van die argumente teen die kursus kan beoordeel word aan die feit dat Bybelkor by die afsluiting van die debat in Die Kerkbode bekend gemaak het dat die betrokke kommissie van die kerk besluit het om die hele reeks te herskrywe.

Hierdie besluit kan alleen maar verwelkom word — ondanks die eienaardige toevoeging dat "die gebruik van die huidige reeks (intussen) volstoom voort"-gaan. Kan dit werklik heilsaam vir die kerk wees as 'n studiereeks met sulke ernstige skete dat totale herskrywing noodsaaklik geag word, volstoom voortgaan?


* * *

Nou maak die verklaring van ds. Hans Linde van Bybelkor ook gewag van die feit dat die "meningsverskil" (klagtes?) wat oor die kursus bestaan, oor sake handel waaroor daar nie eenstemmigheid in die kerk is nie.

Na bl. 2

## GESKRYF SOOS JY DINK

* Maak eensydige genade ons lui?
* Die gil van 'n Fariseër met grootheidswaan.
* Hooglied: Van werkskamer na slaapkamer.
* 'n Ware geloof is nie 'n eksamen nie.
* Hoe Jesus getrouer aan die wet was as die Fariseërs.
* Die leer van die verbond in 'n paar woorde.
* Hoe die lewe vir 'n predikant makliker gemaak kan word.
* 'n Ware bekering op 'n sterfbed.




Danksy 'n skenking word hierdie, die agste uitgawe van Swart op Wit, landswyd aan alle NG predikante versend.

Dit mag so wees, maar die vraag is nie hoeveel hoofde en sinne daar in die (NG) kerk is nie, maar of die standpunte wat deur die verdedigers van die kursus se metodistiese aanpak en ignorering van die verbond hoegenaamd met ons belydenis te rym is. (Een het dan selfs beweer dat die doopformulier dwaal.)

**'N OPENHARTIGE DEBAT OOR DIE VERBOND, BEKERING, GELOOFSEKERHEID ENSOVOORTS WAARAAN DESKUNDIGES DEELNEEM, IS DRINGEND NOODSAAKLIK.**

Die afgelope jare is volhardend in Die Kerkbode betoog dat die manier waarop met veral jongmense in en half-buite die kerk gewerk word, strydig met die diepste bedoelinge van ons belydenis en veral die doopformulier is. Aanvanklik was daar hewige protes teen hierdie bewerings en toe dit beantwoord word, 'n groeiende stilte — in die openbaar. Maar mondeling het die protes en proses voortgeduur in allerlei vorme, totdat iemand die hare laat rys het met die mededeling dat Kohlbrugge uit die graf opgestaan het. Kohlbrugge, die grootste gereformeerde teoloog naas Calvyn.

* * *

Waarvoor ons nou wil pleit, is vir dieselfde as Bybelkor, naamlik openhartigheid. As dit dan waar is dat daar in die NG Kerk ''meer as een standpunt'' oor ons verlossing bestaan wat hom op ons belydenisskrifte kan beroep, sal 'n teoloog van naam nie asseblief na vore kom en swart op wit dié standpunt uiteensit en op die belydenis baseer nie? Ons kan seker almal aanvaar dat ons almal aanvaar dat die belydenis op die Skrif gebaseer is.

Dan kan ons sinvol gedagtes wissel en kan die huidige proses beëindig word waar verbondsteoloë openlik hulle saak stel, en ander dit in toesprakies en stekies op konferensies afkraak, maar sonder om hulle hand op papier te waag.

* * *

Daar bestaan op die oomblik in die kerk groot kommer en meningsverskil oor ''apartheidsteologie'' en goeie gereformeerde teoloë spandeer waardevolle energie aan die debat daaroor. Na ons oordeel is die teologiese debat oor die genade alléén en die verwerping van arminiaanse konsessies van veel groter belang as die politiek. Die politiek sal sy gang gaan, met of sonder oorlog of rewolusie, en daarna sal die kerk hom, soos elders, skik na die orde van die dag. Maar dan moet die kerk nog kerk wees. **Gereformeerde** kerk, wat nie sy belydenis verraai en verruil het nie.

Daarom, nog eens, daar is baie leraars en lidmate in die kerk wat onseker is oor wat dan nou reg en wat verkeerd is. Die standpunt dat God met die kinderdoop bevestig en gesertifiseer het dat ons sy kinders ís, is talle kere openlik met beroep op die belydenis verdedig. Dat ons dit mág glo en bly glo. Sal diegene wat daarvan verskil, deskundig verskil, nie asseblief nou hulle saak stel nie? As dit sou blyk dat hulle nie 'n saak het nie, mag ons op die rand van 'n groot deurbraak wees — terug na belydenisgetroue, Skrifgetroue, kerk-wees.

**SWART OP WIT**

Redakteur: Manie Malan
Mederedakteur: Elmer Erlank

ADRESSE
Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, Lynn East 0039
Tel: (012) 821153

OUTEURSKAP
Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.

KOSTE
Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 20 bladsye kos ongeveer R3.

FREKWENSIE
SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een keer per maand nie.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/3 JULIE 1986

# KRUIS EN MUNT

'n Rubriek oor alles en wat

## Volkome Saligheid

Met eentonige reëlmaat staan daar by elke formulier van ons kerke die vraag of die belyer (dopeling, doopouer, ouderling, diaken, leraar, berouvolle ens.) die artikels van die Christelike geloof aanvaar as "die volkome leer van die saligheid".

Ek weet nie waar 'n mens dit in Latyn naslaan nie, maar ek eet my keil op as dit nie ook die bedoeling het van "die leer van die volkome saligheid"nie.

Toe ek 'n kind was, het ek gedink die belyer sê hiérdie kerk het die waarheid oor die saligheid die suiwerste geformuleer. Hiér leer 'n mens die beste hoe om hemel toe te gaan.

Later, tot onlangs, het ek gedink dit beteken dat die leer van die saligheid wat in hiérdie kerk geformuleer en geglo word, so volkome is (omdat dit uit die Bybel kom) dat daar niks meer aan toegevoeg hoef te word nie. Alles wat in die leer moet staan, staan daar.

Maar oplaas het die klem van die Reformasie op die volkóme offerande van Cristus op die kruis, die eens-en-vir-altyd karakter van ons verlossing, my laat besef dat die "volkome" in ons formuliere ook dáárop moet slaan. Glo jy dat die leer wat in hiérdie kerk geleer word, naamlik die leer van hoe Christus ons volkome van die heerskappy van die duiwel verlos het, dat dít die ware en volkome leer van die saligheid is? Is dit ook jóú enigste troos in lewe en in sterwe?

## Kerk en Sekte

Nou vra 'n skerpsinnige en mooi mens my, ietwat onthuts, hoe dit dan kom dat so baie mense nie die leer van ons kerk ken nie. Sy lyk of sy dit nie vra om meer kennis te bekom nie, maar omdat sy my diagnose bevraagteken. En sy vra dit na aanleiding van die preekontleding in 'n vorige uitgawe van Swart op Wit, wat mense raak, goeie kerkmense, sê sy, wat goedgelowig en getrou die betrokke herlewingsentrum se saamtrekke bywoon.

Jy sien, om die leer van die kerk te ken, beteken nie in die eerste en laaste plek dat jy al 52 Sondae van die Kategismus, al 93 artikels van die Dordtse Leerreëls en die 40 of wat artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis van buite ken en kan aframmel en ketters op elke puntjie kan ontdek as 'n stukkie vlerk van hom maar onder jou stensil uitsteek nie.

Om die leer van die kerk te ken en te glo, is om te verstaan en te bely, van harte te bely dat al hierdie artikels eintlik net één ding sê, op velerlei maniere: Dat God uit vrye genade ons op Golgota gered het, en dat ons dit mág glo. Dat dít is wat die Skrif leer en die Twaalf artikels saamvat. Dus: Sola gratia, solo Christo. sola fide; sola Scriptura.

## Diagnose: Grootheidswaan

Wat maak jy as iemand jou van grootheidswaan beskuldig?

Kan 'n mens hom hof toe vat? Is grootheidswaan 'n sielkundige siekte? Is dit karakterskending? Insinueer hy dat jy gesertifiseer moet word?

Miskien is dit die beste om hierdie (menslike) wraakgedagtes maar te los en skuldig te pleit.

Grootheidswaan is die oersonde. Jy is skuldig daaraan. As jy iemand is vol energie, selfs al is jy gelowig, kan jy nie altyd mooi uitgemaak kry wat die verskil is tussen roepingsbesef en arrogansie, dryfkrag en sadisme, profetiese moed en onbeskofdheid, geesdrif en egosentrisme nie. Jy struikel dikwels.

Jy beskik eenvoudig nie oor die vermoë om hierdie goed uit mekaar te haal en te hou soos jou kritikus nie. (Want hy sê hy weet waarvan hy praat; hy was ook eers hoogheidswaansinnig.) Jy weet nie presies hoe hoog om te mik en op jou tone te staan nie. Jy weet nie eens of jy hoër of laer staan as wat jy dink nie. Soms dink jy dis laer, dan dink van die mense dis hoër. Soms dink jy dis iets wat die moeite werd

is om gesê te word, dan sê mense jy ly aan grootheidswaan.

Toevallig tref dit so dat die mense wat so dink, nie jou vriende is nie. Jou vriende dink nie so nie. Hulle lag vir jou. Goedig. Hulle vergewe jou. Hulle sien oor. Hulle skryf nie sonde op nie.

Maar jou vyande soek jou bloed. Hulle sal jou keel afsny en hulle is jammer as ander dit nie doen nie.

Laat ek vir jou sê: Moet nóóit vriende word van 'n lakei nie. Moenie dissipels maak en epigone naby jou lyf toelaat nie. Nie joune nie, en ook nie iemand anders s'n nie. Hulle is almal pionne, en op 'n dag haal hulle die frustrasie daarvan op jóú uit. As jy vriende wil maak, soek dan iemand wat jou portuur is. Iemand wat ook aan grootheidswaan ly, daaroor probeer lag, en dit as sonde voor God ervaar.

Beste nog: vertrou jou hartsgeheime toe aan iemand wat weet dat ons almal sondaars is wat net by die genade van God lewe. Wat weet dat God weet dat ons sondaars is.

Nee, ek sal my nie laat stilmaak nie. Ek sal bly praat al praat ek alleen in die woestyn. En al weet ek hoe die sonde van my vetterige vingerafdrukke op my "beste" werke sit. Ek sal bly praat al praat ek my dood. En al is daar mense wat meen dat ek my behoort te skaam omdat ek 'n skandemaker is.

Wel, ek skaam my daaroor. Maar ek is nie verhewe bo skande nie. Daar was 'n tyd toe ek wou gil dat ek nie daardie soort is nie. Maar toe hoor ek die stem van die Fariseër in my gil. En nou is ek daardie soort.

Al wat toe nog oorgebly het, was om die tollenaarsgebed te probeer bid.

# Identifisering

Daar bestaan 'n wydverspreide opvatting dat ons om "in Christus" te wees, ons met Christus moet identifiseer. Ons moet vír Hom kies. Voor ons nie vir Hom kies nie, is ons nie "in Hom" nie. Dis dus 'n soort teologie van identifisering.

Het u al 1 Kor. 1:30,31 gelees? "Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is ... Daarom ... 'Dié wat roem, moet in die Here roem'."

Ons "keuse" vir Christus, wat ons eerder "glo" moet noem, is om te beaam dat Christus vir ons gekies het.

# Doodkry

Oom Soon het kom kuier; kom kyk hoe dit met sy dominee gaan — of hy reg eet en so aan; en om vir hom te sê dat die Here in álles sit. En sommer te gesels.

Toe vra hy my om (sê maar) Oom Hans te besoek, en ek sê ek sal, sodra ek weer kan, en hy sê nee, ek moet in elk geval gaan, want Oom Hans gaan dood. Oom Hans gaan dood soos sy broer doodgegaan het. 'n Swaar dood.

"Maar, Dominee, waarom sal ons kla? Die Here moet 'n mens op een of ander manier doodkry. Hoe anders sal Hy ons in die hemel kry?"

Het u dit al ooit so gelowig gehoor?

Van bl. 13

**KATEGISMUS**

Opvallend is dat die Kategismus die Apostoliese Geloofsbelydenis "alles wat ons in die evangelie beloof word" noem. Dink daar altyd só oor. Die klem lê nie op die "ék (kleinletter) gló" nie, maar op die "Ek (hoofletter) beloof" — byvoorbeeld die opstanding en die ewige lewe.

1. Les 4 van boek 3 van die Katkisasieboek (waarna verwys is) wyk op bl. 57 van die Kategismus af as hy skrywe: "Geloof is die antwoord wat God deur die Heilige Gees in my hart wek deur die wedergeboorte. Hoewel Hy die wedergeboorte onbewus in my werk, word ek op 'n dag daarvan bewus dat ek glo." Die Kategismus sê eenvoudig Hy wek dit deur die evangelie.

2. Ondanks 'n eerlike poging om die vrye genade te verkondig, gaan les 4, boek 3, van dieselfde Katkisasieboek juis mank aan hierdie dubbelsinnigheid as hy op dieselfde bladsy skrywe: "Sy hele verstand, sy gevoel, sy wil, sy dade — alles is intens betrokke. Met die hele verstand vra hy na die kennis van die wil van God; met die hart aanvaar hy dit; met sy totale lewe erken hy dit en plaas hy sy vertroue daarin en gee homself daaraan oor." As 'n mens nie geweet het dit gaan oor die geloof nie, sou jy kon dink dit is 'n parafrase van Matt. 22 se kort samevatting van die Wet — wat ons nié kan nakom nie. Maar vraag 21 het niks te doen met wat ons moet nakom nie. Dit het álles te doen met ons troos dat **Jesus** dit nagekom het en dat ons nou gerus op Hóm kan vertrou.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/3 JULIE 1986

## Bybelstudie Ou Testament

# DIE VOORLAASTE WOORDE

STUDIEGEDEELTE: HOOGLIED 1:9–2:2

*2:1: "Ek is 'n affodil van Saron, 'n lelie van die laagtes. Soos 'n lelie tussen dorings, só is my liefling tussen die meisies."*

Salomo sê (sag) Abisag is 'n spogperd (1:9). En dan maak hy van haar ornamente die verfynde tuie of klokkies aan die tuie van sy spogperd. Hou ons in gedagte wat aan 't gebeur is, versterk die feit dat hy slegs haar ornamente noem, die vermoede dat dit al is wat aan haar oor is.

Hy sê dit speels. Hy is immers besig om 'n liefdesspel te speel. Sy woorde is soet, maar nie stroperig nie. Hy praat soos met 'n jong perd wat gekalmeer moet word om sierlik en ritmies die wedloop te loop tot sy oor die eindstreep bars.

* * *

Jare gelede het ek in 'n voorligtingsrubriek 'n brief gelees waarin 'n vrou aan die raadgewer gevra het of 'n mens veronderstel is om tydens intieme omgang te praat. Hy het haar nie geantwoord nie, maar hom oor haar onkunde verwonder en gesê hy stuur haar die naam van 'n goeie boek.

Al die jare wonder ek nog wat hy sou gesê het as hy wel geantwoord het.

Mý eerste impuls is om ja te sê. Natuurlik praat 'n mens. Jy praat liefdeswoorde. 'n Mens is nie 'n stomme dier wat sy blinde drifte bevredig nie. 'n Mens, geskape na die beeld van God, is 'n sprekende mens. Hy verfyn sy emosies tot klanksimbole wat sin in woorde en sinne maak. En sy woorde druk nie net uit wat hy voel nie, dit lei ook sy gevoel.

Daarom dink ek praat is van die grootste belang.

Die liefdespel is 'n lewenslange oefening in harmonie. Dis 'n dubbelspel, met net twee spelers, waarin geen afslane verbrou, en geen nethoue gespeel mag word nie. En dit neem toe in intensiteit. Dis nie 'n vervelende geping-pong nie. Dis asof twee mense kompeteer, byna veg, maar mekaar tog aanmoedig om sáám by die wenpaal aan te kom. Dít is waarvoor die praat byna onontbeerlik is. Anders kan hulle mekaar dalk langs die pad verloor. Maar dis nie 'n oorhaastige spel nie. Dis soos 'n goeie storie waarvan die einde aanhoudend uitgestel word, maar sonder om belangstelling te verloor. En hoe langer die einde wag, hoe meer honger die deelnemers daarna.

Moet egter nie jou maat dwing om te praat nie. Dit sal jou eensaamheid verhoog, en hom dalk sy moed ontneem. As sy mond dan nie praat nie, sal sy vingers wel. En as dié ook te dom is, leer hom vingertaal.

* * *

In 1:12 skryf die digteres, Abisag, dat haar nardus sy geur versprei het terwyl die koning nog by sy lessenaar was. Die nuwe vertaling sê wel "rusbank", maar die woord beteken eintlik "tafel".

Hoewel rusbank meer by die kamer pas, is lessenaar vol baie mooi sin. Abisag sê: Ek het hom geroep na die kamer toe, maar hy was nog besig. Vóór ek hom nog uit sy kantoor gaan ruk het ("soen my, soen my weer en weer...!"), het ek na hom verlang.

Selfs terwyl die koning nog by sy ampslessenaar was, en ek alles net in my verbeelding kon vooruitloop, het my nardus al sy geur gegee.

Net die dink het haar liggaam laat oopgaan, en haar nardus sy geur laat gee. Die wonder van ontsluiting het plaasgevind en die helder dou van die liefde het saam geroep na die man van haar drome. Die man wat sy liefhet, wie se naskeer sy al soos 'n sakkie mirre tussen haar borsies kon voel lê (1:13). Die man wat sy liewer het as 'n bos hennablomme uit die skilderagtige En-Gedi.

* * *

Die man wat nóú by haar is. In die kamer van die koning. Die man met wie sy hier praat. Aan wie sy skaamteloos vertel van die wonder wat in haar liggaam plaasgevind het, selfs toe hy nog by sy tafel was met sy gedagtes by die landsake.

**NATUURLIK PRAAT 'N MENS TYDENS DIE LIEFDESPEL. 'N MENS IS NIE 'N STOMME DIER WAT SY DRIFTE BEVREDIG NIE. SY WOORDE Sê NIE NET WAT HY VOEL NIE, MAAR LEI OOK SY GEVOEL.**

En Salomo wat antwoord in 1:15 en Abisag onmiddellik weer aan die woord in vers 16. 'n Mens kan byna die koorsige versnelling van die ritme van hulle liefde in hulle praat hoor. Die sinne al hoe korter. Die woorde al hoe minder. Drie maal die woord "mooi" in vier reëls, en in die vierde reël die woord mooi in die oortreffende trap. "Jy is mooi, my liefling, jy is mooi..."

* * *

En dan, oplaas, nog 'n oomblik in te ruim vir beeldspraak, vir gelykenisse, ver — uit die drome van die plaas.

Sy sê hulle bed is groen blare, en hulle huis se balke en daklatte seders en sipresse (1:16b).

Waarom moet 'n mens altyd wegkruip tussen die mure en agter deure? Waarom kan ons nie liefhê in die oop ruimtes, in die mistieke woud, waar die wind vry waai nie? Dis al wat ons oorgehou het van die paradys, die tuin van Eden waar ons skaamteloos nakend was.

En dan die tekswoorde hierbo. Ek is 'n affodil, 'n lelie van die laagtes.

Sou haar moed haar begewe? Sou die oomblik te groot wees? Is dit moontlik dat minderwaardigheid haar pak en 'n oomblik lank dreig om haar geestelik te verlam? Ek is maar net 'n veldblommetjie. As die wind oor my gaan...

Maar Salomo is meester van die oomblik. "Soos 'n lelie tussen dorings, só is my liefling tussen die meisies." (2:2) Daarmee oorwin hy haar finaal, en neem haar, neem haar mee na die laaste tree van wat skrywers soms die "klein dood" noem. Hoewel ek dié woordkeuse verstaan, sa ek liewer hierdie gebeurtenis die "klein skepping" noem. Dit roep na die lig, en die verrukking van sinne as God aan 'n mens sekondes lank gun om ook 'n klein skeppertjie te wees.

# MOET ONS REGTIG NIKS DOEN NIE?

Meer as een mens het ek al hoor sê dat ons (ek en ander) sê dat ons niks hoef te doen nie. Sommige sê selfs dat hierdie waaghalsige dwaling gemeentes finansieel kan knou. Ons sê dan hulle hoef niks te doen nie.

Dis 'n baie ernstige saak, en 'n mens kan nie anders as om die goeie trou van hierdie vertolkers van ons evangelieverkondiging te betwyfel nie. Want dit is totaal onwaar dat ons mense aanspoor om niks te doen en agteroor te sit nie. In geen opsig nie, en ook nie wat dankoffers betref nie.

Inteendeel, die hele toeleg van ons evangelieverkondiging is om **dankbaarheid** te wek, en daarom ook **dank**-offers.

Laat ons dit nog eens baie duidelik stel: aan ons redding kan ons nie 'n jota of 'n tittel bydra nie. Ons redding uit die verdoemenis was en is volkome in God se hande. Hy en Hy alleen het ons gered.

Daarom sê Paulus uitdruklik dat ons nie deur die werke van die wet geregverdig word nie, maar slegs deur die geregtigheid van Christus – wat ons mag glo, mag aanneem, mag omhels.

Ons goeie werke, ook dié waartoe Paulus ons aanmoedig, het dus **niks** te maak met ons redding nie. Dis dankie-sê werke, en daarom as sodanig niks werd nie. Dis mostert na die maal. Ons belydenis sê dit uitdruklik: ons beste werke is onvolkome en met sonde besmet.

Om saam te vat: Ons kan geen bydrae maak tot ons verlossing nie, en ons dankie-sê werke is op die keper beskou, niks werd nie. Maar dit beteken nie dat ons nou maar niks hoef te doen nie. Ons was besig om in ons afval van God af te bly val hel toe, en God het ons gevang en hou ons vas. Al is ons dankie-sê stemme hoe skor en vals, wie waarlik glo, sal bly dankie sê.

Nou sê iemand vir my ons goeie werke is iets werd omdat die Heilige Gees ons in staat stel om dit te doen. Alles bly genade, maar die Heilige Gees stel ons genadiglik in staat om goeie werke te doen, so ons moet dit nie verkleineer nie.

**AL IS ONS DANKIE-Sê STEMME HOE SKOR EN VALS, WIE WAARLIK GLO, SAL BLY DANKIE Sê.**

Dit is presies wat die Roomse teologie ook sê. Alles is genade, maar ons kry die genade soos medisyne in (gratia infusa). En dan word ons al beter van die medisyne. Ons moet net al meer en meer medisyne drink.

Maar dit is nie wat Paulus, Luther en Calvyn, ook in ons belydenisskrifte, sê nie. Hulle sê nie ons is half siek of half gesond nie. Hulle sê: As ons die weldade van Christus in die geloof omhels, is ons geheel en al sonder sonde. Hoe kan ons nog sonde hê as Christus se geregtigheid ons toegereken word? Maar die oomblik as ons ons eie geregtigheid, met ons eie weldade probeer oprig, het ons van die genade verval. Al sê ons dis die Heilige Gees wat ons so vroom gemaak het.

Die Heilige Gees spréék ons salig deur ons van die heil in Christus te verseker. En ons probeer dankie sê met nikswerd gebede, bekers koue water en met dankoffers wat in ons plek kan werk. Ons bly maar dankie sê omdat ons niks meer hoef te doen om die hemel te verdien nie.

# DIE TROOS-VERBOND

Daar is eintlik net een verbond. Dié verbond is baie kere op verskillende vorms hernu, maar eintlik is daar net één verbond.

Nêrens word hierdie feit na my wete duideliker beskrywe as in Hebr. 1 en in art. 17 van die Nederlandse Geloofsbelydenis nie. Toe die mens bewend van Hom af weggevlug het, sê laasgenoemde, het God agter hulle aangegaan en hulle getroos deur aan hulle sy Seun as Verlosser, as Saligmaker te belowe.

En die res van die Bybel vertel dan hoe God gedoen het waartoe Hy Hom verbind het, wat Hy belowe het; wat Hy om sy Naam ontwil Hom gebonde aan gehou het.

Hy het Adam en Eva die Paradys uit gestuur sodat hulle nie vir ewig in die ellende moet lewe nie, en gesê dat Hy hulle na die stof waaruit Hy hulle gemaak het, sal laat terugkeer sodat Hy hulle kan oor-maak, hulle weer gebore kan laat word op die nuwe aarde (sê kollega Nico van Rensburg treffend).

**DIE VERBOND IS NIE SO INGEWIKKELD SOOS ONS DIT MAAK NIE. DAAR IS MAAR ééN VERBOND, WAT ONS, NA PINKSTER, GOEDSKIKS DIE TROOSVERBOND KAN NOEM.**

Hy het, toe die mense uitermate boos geword het, sodat dit God selfs berou het dat Hy hulle gemaak het, en daar smart in sy hart was – toe het God Noag en sewe ander gered uit 'n massale katastrofe, en toe hulle in die versuipte wêreld uitstap, het God hulle so jammer gekry dat Hy oor en oor gesê het dat Hy dit nie weer sal doen nie. Hy het selfs sy handtekening in alle kleure in die wolke gegee om dit te be-wys.

En toe die vrugbare nageslag van hierdie begenadigdes almal heidene word, het God een van hulle, Abram, en sy onvrugbare vrou, weggeroep uit die

heidendom en hom 'n erfgenaam, 'n land en die hemel belowe. Dit was nie 'n nuwe belofte nie. Dit was dieselfde troos-belofte van die Paradys, net in en op 'n ander vorm beskrywe.

Net, met Abraham het God so ver gegaan om die belofte, die genadige troos-belofte, op skrif te gee. Hy het, presies in terme van die gangbare gebruike van daardie tyd, 'n verbond, 'n (eensydige) ooreenkoms met Abraham aangegaan, en die ondertekeningsplegtigheid (Gen. 15:9–21) met die besnydenis gekontinueer. Iedere keer as die seuntjies besny sou word, sou dit die verbonds-handteken-ing wees.

Op Sinaï het God dié genadeverbond (in die hagliksste omstandighede) hernu, en daarna eeue lank op talle maniere, plekke, toonaarde en idiome daarna verwys en dit weer hernu, en toegelaat dat dit hernuwe word.

Totdat God uiteindelik sy Woord volkome gestand gedoen en die Saligmaker op Kersfees en Golgota gegee het. Hoewel dit 'n Nuwe Verbond, 'n Nuwe Testament genoem is, was dit die vervulling van die Paradysbelofte – die Ou Testament wat nuut gemaak, weer gebore word. (Hy het dit vir die mense gedoen, maar nie om hulle te beloon nie. Verre daarvandaan. Hy het dit alleenlik gedoen omdat Hy dit in die Paradys al belowe het. Dus om sý Naam en eer ontwil.

Dis absoluut onmoontlik om te dink dat Hy die mense vir hul vroomheid beloon het, want húlle vroomheid het Hom in die steek gelaat en aan die kruis gespyker.)

En toe Hy die Saligmaker wegvat hemel toe, het Hy 'n Ander Trooster, die Heilige Gees gegee om áltyd by ons te bly en ons te troos tót Hy weer kom en alles nuut maak; sy nuut-maak-werk voltooi.

So was Pinkster en die gevolge daarvan die finale vervulling van sy Paradysbelofte om die mense met 'n Saligmaker te troos. En tog, eintlik nog die voorlaaste deel daarvan. Nog net 'n klein tydjie...

Dít is die hele verbond, die troos-verbond, die volle evangelie, waarvan die doop die afbeelding en die soveelste skriftelike bevestiging is – selfs met 'n eed.

Net die vorm verskil, en verander, maar die trou van God nooit nie.

# MARIA DIE PROFETES

STUDIEGEDEELTE: Luk. 1:39–56

**Luk. 1:46: "En Maria het gesê: 'Ek besing die grootheid van die Here, ek juig oor God, my Verlosser...' "**

Vergeet nou nie dat ons in Maria te maak het met iemand wat aanvanklik haar verbysterde ore nie kon glo toe die man (engel) met haar praat nie. Sy het gesê: Hoe is so iets moontlik? (Luk. 1:34) Toe het die engel haar ook 'n teken gegee – die swangerskap van Elisabet.

As ons nou lees hoe "sonder versuim" en "haastig" sy uit Nasaret na Juda vertrek het, moet ons dit tog nie te haastig op haar vroomheidsrekening skryf nie. Sy sou sekerlik meer as een motief gehad het – byvoorbeeld om 'n bietjie weg te kom – maar uit die verhaal is dit duidelik dat sy die teken van die engel wil kontroleer. Sy laat sak nie haar kop in skaamte en glo net die woorde van God nie, nee, sy reis af na Juda om met haar eie Tomas-oë te sien. Was dit vandag, sou sy gebel het. "Tant Bettie, is dit waar wat ek hoor...?"

Dis nie net sleg nie. Dis so menslik. Stel jou voor dat ons op 'n dag nie meer nagmaal toe wil gaan nie, omdat ons dit nie meer nodig het nie. Ons glo nou, en hierdie **ekstra** teken het ons nou nie meer nodig nie. Teoreties is dit seker moontlik, maar in

praktyk gaan die gelowige sondaars met al hulle gemengde motiewe na die teken toe wat God in sy liefde berei het.

So pak die gelowige sondares, Maria, ook die honderd of meer kilometer aan, om te gaan seker maak of sy reg glo. Of sy regtig maar mag glo.

En daar vind die wonder plaas. Onweerlegbaar. Sonder dat sy nog die verhaal vertel, bars dit in 'n kreet, 'n digterlike kreet, oor Elisabet se lippe. "My kind het geroer! Wie is ék dat die moeder van my Here na my toe kom?"

**SOU MARIA HAAR KON VOORSTEL DAT DIE HERE HOM OPLAAS SOU ONTFERM OOR DIé WAT HOM NIé GEëER HET NIE?**

Lukas sê sy is vervul met die Heilige Gees. Daar het 'n ekstase oor haar gekom wat haar in daardie oomblik in 'n profetiese digter verander het, want wat sy sê, is 'n gedig. 'n Geïnspireerde gedig.

Selfs die eenvoudigste mens ken hierdie vlammende woorde van waarheid in die oomblik van waarheid en van lewe en dood. Woorde wat álles beskryf, saamvat en verander. Het jy al 'n mens by 'n graf sien kniel as die kis onherroeplik afsak? Sy rou woorde gehoor?

Iemand het my eenmaal vertel van 'n seun wat 'n man by sy moeder in die bed doodgeskiet het op die dag van haar egskeiding met sy vader. Met 'n swaar kaliber rewolwer — in die bors. En die man se woorde: "Jou b....., jy't my ge-" — en toe was hy dood. Oombliklik. Dit is byna niksseggende woorde, want dit beskryf onnodig net wat gebeur, maar dit eggo tot in die hel. (Die seun is 'n tyd daarna, net voor die hofsaak, in 'n motorongeluk dood.)

Wel, Elisabet se woorde eggo in die hemel. En in Maria se hart. Al moes dit haar laat bloos het. "Gelukkig is sy wat glo dat in vervulling sal gaan wat die Here (!) vir haar gesê het." (Die "man" was toe nie net 'n engel nie, dit was die Here!)

Daar is 'n eienaardige teenoorgestelde parallel tussen Maria en (die dogter van) Jefta. Toe Jefta sy oë uitvee, kom sy dogter hom tegemoet. Toe sy dogter vir die soveelste keer by die venster uitkyk, dáár kom vader Jefta aan! En dan die ekstatiese ontmoeting: My kind, jy stort my in die ongeluk... Want hy is per gelofte verplig om haar te offer. En Elisabet word verras deur die moeder van haar Here — wat haar in vreugde laat uitroep. Vreugde. En tog sou dié kind van die moeder en Vader ook nog geoffer moes word.

* * *

Hoeveel Maria daarvan begryp het, kan 'n mens maar net raai. Haar laaste twyfel is egter nou uit die weg geruim, en, geïnspireer deur Elisabet en die Heilige Gees, word sy ook 'n digteres.

Haar gedig (die Rooms-bekende Magnificat) is egter van 'n ander tekstuur as dié van Elisabet. Dit is sag en deemoedig. Nederig van hart, arm van gees.

Sy besing nie haar eie lof (soos Elisabet en Rome) nie. Sy besing die grootheid van die Here. Sy juig oor God, wat sy haar Verlosser noem. Iemand wat God sy Verlosser noem, is 'n sondaar. Al is hy 'n gelowige sondaar, 'n geringe, klein mensie. Maar dan iemand, sê Maria, na wie God omgesien het, meer nog as wat Hy omsien na mossies, swaeltjies en wurmpies.

**DIE AGSTE AFLEWERING IN 'N REEKS WAARIN DIE VIER EVANGELIES TEKS VIR TEKS CHRONOLOGIES BEHANDEL WORD.**

Daarom, dig sy, sal elke nuwe mensegeslag haar gelukkig noem. Nie omdat sy 'n maagd gebly of 'n sondelose geword het nie, maar omdat God haar begenadig het. Hy het haar nie verbygegaan nie; haar nie sonder hoop en sonder (met haar) verwagting, dit is sonder God in die wêreld gelaat nie; Hy het haar nie die doodstraf gegee nie, maar die lewe, en die Lewe vir die wêreld. Dít is die gróót ding wat Hy aan haar gedoen het. Hy is die Heilige van Israel. Omdat Hy heilig is, maar ook omdat Hy heilig. Want Hy ontferm Hom oor mense, van geslag tot geslag van dié wat Hom eer. Dit ontleen Maria dalk aan Hanna (uit 1 Sam. 2:9) — soos meer gedagtes in haar lied oor Samuel se verwagting. Sou sy haar, met hierdie deels Ou Testamentiese instelling en opvatting, kon voorstel dat die Here Hom met háár Kind, gaan ontferm oor dié wat Hom nié eer nie? Sou sy Hanna se woorde in dieselfde vers al kon begryp: " 'n Mens oorwin nie in eie krag nie"?

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/3 JULIE 1986

# DIE WETSMAN

Matt. 5:17—20

*5:20: "As julle getrouheid aan die wet nie dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs oortref nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie." (Groot Nieuws Vert.)*

Ons Here Jesus, die Christus, het baie skerp dinge van en vir die skrifgeleerdes en die Fariseërs gesê. So skerp dat hulle Hom uiteindelik daaroor opgehang het. Maar min van sy woorde het seker so diep gesny soos dié wat hierbo geskrywe staan. Julle moet méér getrou aan die wet wees as die skrifgeleerdes en die Fariseërs.

Dít was al erg genoeg. Hulle was die super-getroues. Dit was hulle roem: dat hulle geweet het wat die wet sê, en dit nougeset gedoen het. Tot in die fynste besonderhede. Die wet is die wil van God, en hulle het tot bekering gekom, en nou doen hulle die wil van God. Maar Jesus sê dit kan nog beter.

Wat egter nog erger is, Jesus sê hulle toewyding is nie goed genoeg nie. Dit moet nie net beter nie, dit haal glad nie die paal nie. Mense wat (net) soos hulle is, sal nóóit in die koninkryk van die hemel ingaan nie.

Dis 'n streep deur hulle lewe. Deur alles wat hulle hoog geag het. 'n Mens kan verstaan waarom hulle Jesus moes doodmaak. Hy moes dood sodat hulle weer kan lewe. Hulle kan nie lewe langs 'n man wat hulle afkraak en afmaak nie; wat sê hoere en tollenaars en Lasarus gaan in, maar hulle nie; wat vertel van die Fariseër en die tollenaar in die tempel.

Maar veral kan hulle nie lewe langs 'n man wat sê hulle wetsvervulling is nie goed genoeg nie. Wat sê die mense moet nog méér doen nie. 'n Wetsman! Húlle is die wetsmense! Waar kom Hý vandaan? Hy weet nie wat Hy praat nie. Hy is dan 'n sabbatskender.

Daarom het hulle oor Jesus geskinder en Hom in diskrediet probeer bring. Gesê Hy verkondig 'n vreemde leer, Hy verwar en mislei die mense.

En daarom het Jesus Hom daarteen verweer.

"Ek het nie gekom om die wet of die profete op te hef of af te skaf nie. Ek kom nie om af te breek nie, maar te voltooi."

God het in die Paradys beloof dat Hy die skepping — wat die mense verwoes het — weer sal herbou, en die wet en die profete het die fondamente gelê, en die mure vensterbank- en dakhoogte gebou, nou sit Ek die dak op. Dis tog onsinnig om te dink dat Ek wil afbreek. Ek wil verder bou tot dit voltooi, volbring is.

So gesien, is Jesus se woorde tog nie so moeilik as wat 'n mens aanvanklik gedink het nie. Julle sê Ek breek af, maar die waarheid is dat Ek voltooi, klaar bou. Julle sê Ek maak 'n gat daarin en tap leeg, maar die waarheid is dat Ek vol-maak; Ek ver-vul.

As God bou, laat Hy nie afbreek nie. Want God is getrou. Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan. Wie kan sy werk vernietig? Sy her-skeppingswerk. Sy reddingswerk. Die vervulling van sy belofte aan ons om ons hemel toe te vat.

Daarom sê Hy: die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat één komma of punt van die wet sal verval. Die wet is God se verbondswoorde. Die jota's en die tittels, die kleinste lettertjie en die krulletjies wat hulle van mekaar onderskei (soos die BET en die KAF) is die fyndruk op sy kontrak. God het sy woord swart op wit aan ons gegee, en Hy sál dit hou. Want sy woord is sy eer.

Gaan dit dan nie hier oor wat óns moet doen nie? Praat Jesus dan nie oor gehoorsaamheid aan die wet nie? Sê Hy dan nie ons moet die skrifgeleerdes en Fariseërs in trou én gehoorsaamheid aan die wet oortref nie?

Ja, Hy sê dit.

## MARIA DIE PROFETES

Van bl. 9

En dan word Maria eg profetes. Sy vertel wat God gaan doen in terme van wat Hy reeds gedoen het. Sy praat oor die toekoms in die verledetyd. Sy gebruik ses werkwoorde in 'n ry in die Griekse aoristus-vorm wat 'n afgehandelde daad aandui. Hy hét kragtige dade verrig, hoogmoediges uitmekaar gejaag, maghebbers onttroon, geringes verhoog, behoeftiges oorlaai, rykes met leë hande weggestuur. Want wie eerste was, sal laaste wees in die koninkryk, en die laastes eerste. Hy hét dit gedoen in die geskiedenis, en nou het Hy dit ook aan en vir mý gedoen, en Hy sal dit in die toekoms doen, eens en vir altyd, want nou het die volk van God weer 'n toekoms. Want Hy het sy mense kom help. Hy het

Maar dit kan alleenlik vir ons 'n probleem wees as ons al weer die Bybel soos 'n koue handboek lees in plaas van soos 'n liefdesbrief. 'n Do it yourself-gids. Number one: Sit down; number two... Dán kan ons nie anders as om hieruit af te lei dat ons super-skrifgeleerdes en hiper-Fariseërs moet wees nie. Dan lees ons die Bybel soos die mense wat, as Jesus vir Nikodemus sê as 'n mens nie weer gebore word nie..., wat dan dadelik geestelike ginekologie wil pleeg. Jesus sê ons kan nie, maar ons sê Hy het ons nóg 'n gebod gegee: Julle moet weer gebore word. Dis dieselfde soort dwaasheid as om van die doop 'n elfde gebod te maak.

As Jesus sê ons geregtigheid moet oorvloediger wees as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs, praat Hy met ons, maar Hy praat oor iets wat ons nie kan doen nie. As ons dit kon doen, sou Hy nie gekom het nie. As óns kon volbring, sou Hy nie (alleen) kruis toe gegaan en in ons plek gaan volbring het nie. Hy sê ons moet die wet verstaan na die diepste bedoeling daarvan: dat ons die Here ons God en ons naaste met hart en siel moet liefhê. Liefhê: dít is die hele wet — tot die laaste jota en titteltjie toe. Maar Hy praat met die mense wat Hom gaan kruisig, aan sy kruis gaan aanstoot neem (Matt. 13:57; 26:31; Mark. 6:3; 14:26; Joh. 6:61 — OV) en Hom in die steek gaan laat.

As ons dit makliker wil verstaan, moet ons 'n onderskeid maak tussen Jesus wat sê vóór die kruis, en Paulus en Matteus wat skryf ná die kruis.

Jesus sê: Hou al Gods gebooie, want dit is die hele mens en lewe. Julle moet julle vyande liefhê. Maar dan kan hulle nie eens hulle grootste Vriend liefhê nie, en hulle hang Hom aan die kruis op, en laat dit toe.

Maar dan betaal Hy hulle skuld met 'n geregtigheid wat dié van die benepe Fariseërs duisend maal duisend keer oortref, en Hy skenk deur sy Gees se woord die geregtigheid aan elkeen wat dit hoor en daarom ook mag glo. Want dit het God behaag òm deur die dwaasheid van die prediking dié wat glo te red. (1 Kor. 1:21) Hy betaal hulle skuld deur die wet na die diepste bedoeling daarvan te volbring, elke jota en titteltjie daarvan. Só voltooi Hy God se reddingsdaad as Hy die dak van die ark van die verbond voltooi, waarvan Moses en die Profete die eerste planke geslaan het.

En as ons nou terugkyk, en ons sien die kruis op Golgota staan, en verder terug Jesus op die heuwels langs die meer van Galilea en ons hoor Hom sê dat ons getrouheid aan die wet dié van trotse skrifgeleerdes en Fariseërs moet oortref, dan bid ons die tollenaarsgebed om genade, hou aan die kruis vas, en probeer voetjie-vir-voetjie liefhê. Dan lees ons vers 19 so dat daar maar één is wat hoog geag word in die koninkryk van die hemele — dié Een wat alléén waardig geag is om die verseëlde boekrol van Open. 5:5 oop te maak. En ons is dankbaar dat óns, dié wat so baie gebooie oortree, tog in die koninkryk van die hemel ingaan, saam met al die geringstes van sy broers en susters. Dat ons daar ingaan met hierdie vreemde geregtigheid. Die laastes wat eerste kom.

So leer ons van God se vreemde geregtigheid al in Matt. 5, nie eers in Rom. 5 nie. Ons lees daar van Jesus wat Hom verweer teen mense wat sê Hy is 'n antinomiaan, 'n vyand van die wet, net soos Paulus later sal moet doen as mense sê hy sê hulle kan nou maar lewe soos hulle wil. (Rom. 3:8), en ons lees van Jesus wat die eis stel van 'n geregtigheid wat selfs die strengste mense nie naastenby aan kan voldoen nie.

En dan voldoen Hý daaraan. Hy alleen. En Hy **skenk** ons die geregtigheid en brand dit op ons voorhoofde uit met die doop, en lê ons dit in die mond met die nagmaal, en maak 'n hemelse inskrywing in sy joernaal tot ons krediet: dat die meriete van Christus nou op óns rekening staan, so seker asof óns aan elke jota en tittel van die wet voldoen het.

Die hoogtepunt van hierdie wonder van genade is sekerlik dat Hy ons ook nog gaan beloon as ons by die hemel aankom. "Mooi so, goeie en getroue dienskneg..." Ons het net kwaad gedoen — selfs toe ons probeer goed doen het. (Rom. 7:25) Ja, ons beste werke was vol sondesmet. Maar God beloon ons — met genadeloon. Om Christus ontwil. Ons sê nee, dis nie my geld nie, maar God sê ja, dit ís. Kyk hier staan dit in my boeke.

Ag, as ek maar iets kon terugdoen vir hierdie onuitspreeklike liefde.

dit nie gedoen omdat hulle dit werd is nie, maar omdat Hy dit **belowe** het. En nie net belowe nie, "toegesê", gesertifiseer, met 'n eed bevestig; onderteken met 'n teken — soos ook aan Maria self met die teken van Elisabet.

Dít doen die God van genade. Van Abraham af tot vandag, en tot in ewigheid.

* * *

Maria het, sê Lukas, omtrent drie maande gebly, en toe huis toe gegaan. Miskien het sy gebly omdat sy bang was vir die huis; miskien het sy gegaan omdat sy bang was vir die gedrang met Elisabet se bevalling. Verseker het God hulle samesyn gebruik om haar voor te berei op die opvoedingstaak wat op haar gewag het.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/3 JULIE 1986

# TOT DIE DAG VAN JOU DOOD

## Te voet deur die Kategismus

**DIE AGSTE AFLEWERING IN 'N REEKS OOR DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS GESKRYF VIR SENIOR SKOLIERE**

H K VII:20 – 23

Ons het in 'n vorige aflewering die soektog na die Middelaar 'n "kamma-soektog" genoem omdat Hy lankal daar is, en lankal betaal het. En tog soek elke mens ook weer van voor af en vir homself. Hy soek soos Luther na 'n genadige God (in die genadelose Roomse klooster) en die evangelie breek in sy lewe deur as hy besef dat hy klaar deur God gevind is; dat die prys klaar betaal is.

Jy kan dit selfs in die (NG) katkisasieboek gelees het: "Die mens was die ter-dood-veroordeelde. Nou word hy na siel en liggaam volkome vrygespreek en kry hy selfs deel aan die ewige lewe. Wat 'n Middelaar! Wat 'n Borg! Wat 'n Verlossing! Wat 'n plan!" (3,40), en dan kan dit nog altyd by jou verbygaan – ten spyte van al die uitroeptekens. "Die mens", dis so abstrak. Dis seker maar nie ek nie. Dis seker maar 'n vrome mens.

Of jy kan jou blind staar op al die sonde wat jy doen nádat jy dit geglo het, en dit amptelik in die kerk bely het as jou eie geloofsoortuiging. Maar toe doen jy weer sonde...

En dan, op 'n dag, besef jy: maar Hy het vir mý sonde gesterf. Hiérdie sonde waarin ek nóú sit. Al my sonde – tot die dag van my dood. Dan is dit soos wanneer die Here vir sy profeet sê Ek het jou al in jou moeder se skoot geken, voor jy gebore was. Of soos wanneer Paulus skrywe dat God ons, vir jóú ook, al liefgehad het voor Hy nog die wêreld gemaak het. Verder terug kan dit tog nie.

Dan verdiep ons geloof oneindig en 'n groot dankbaarheid en verwondering vervul my hart.

* * *

Maar in vraag 20 kom 'n baie lastige vraag na vore. "Word álle mense dan weer deur Christus salig soos wat almal deur Adam verdoem is.?

Kyk, as God ons salig maak, en nie ons onsself nie – as ons self nie eers die deurslaggewende antwoord gee nie – dan is hierdie vraag die eerste en die mees logiese vraag wat by jou kan opkom. Word álmal dan salig? (Wonderlik dat party mense dink hulle vra hierdie eeue-oue vraag vandag die eerste keer.)

Maar die antwoord is "nee", en nou moet jy kophou soos nooit te vore nie. Die antwoord sê: "Net dié wat in Hom deur 'n ware geloof ingelyf word en al sy weldade aanneem." Dus net dié wat glo.

So! Dis dan tóg die geloof wat ons red!? Glo jy, word jy gered. Glo jy nie, word jy nie gered nie. Die geloof is dus ons aandeel.

**DIé WAT GLO WORD GERED. DIé WAT NIE GLO NIE, GAAN VERLORE. MAAR DIS NIE DIE GELOOF WAT RED NIE.**

En dis nog 'n mak afleiding, want die sektariërs en die sektaries-gesindes wil nie eens weet daarvan dat ons net moet glo nie. Hulle haal Jakobus aan en sê duiwels kan ook glo. Ons moet méér doen as glo. Toewyding, oorgawe, Gees-vervulde dade ensovoorts.

Die waarheid lyk egter anders.

Dis nie eens die geloof wat ons red nie. Want die geloof is byna minder as niks. Om te glo, is nie om iets te doen nie, dis om iets te ontvang. Om te glo is om te glo dat Gód jou gered het. (Dit kan duiwels tog nie.) Dit is om ál sy weldade aan te neem – soos die antwoord ook sê. Hoe kan jy nou sê dis die geloof wat jou red, as dit die weldade is?

Art. 22 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê dit uitdruklik: "Streng gesproke is dit nie (eers) die

geloof wat ons red nie..." God red ons met Christus en met Christus alleen.

Maar dié wat nié glo nie, gaan verlore. As almal sou glo, sal almal gered word, want die betaling is groot genoeg, maar ongelukkig glo almal nie.

Nou moet jy nie vir my sê êrens klop iets nie, want hoekom glo almal nie, want dis dan God wat ons máák glo. Ek kan die vraag nie antwoord nie. Die sonde is al antwoord wat ek kan gee. Sonde is onlogies en absurd. Dit pas in geen skema nie. Wie die sonde netjies verklaar, dwaal. Ons kan net met verbasing en verdwasing daarvan kennis neem dat sommige selfs vir God nie wil glo nie; dat hulle — ná álles — van God af bly wegloop hel toe. Maar ons moenie te lank daarna staar nie. Ons moet agter hulle aanhardloop en bly vertel van die gratis redding, en na die volgende een, en die volgende.

* * *

HK 23:61 sal weer hierop terugkom. "Waarom sê jy dat jy alleen deur die geloof geregverdig is?" (Bedoel jy dalk dat dit die geloof is wat jou regverdig maak?) Antwoord: Nee, ek bedoel nie dat die waardigheid (waarde) van my geloof God tevrede stel nie (God welgevallig is nie). Ek bedoel alleen maar dat die genoegdoening (genoeg-doen) en geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is.

**EK KAN NET MET GLO 'N VAT AAN JESUS KRY. MET NIKS MINDER NIE, MAAR OOK MET NIKS MEER NIE.**

Soos ek gesê het: Dis nie my geloof wat my red nie. Christus het my gered, en Christus alleen. Dít glo ek.

En die antwoord op vraag 61 voeg iets by met 'n glimlag. Ek kan hierdie dinge wat Christus vir my gedoen het, met niks anders aanneem (vir my vat) as met glo nie. Hoe anders sal ek daaraan deel kry? Ek hoor dit en ek glo dit. 'n Milligram minder en daar's niks. Glo is die minste wat ek kan doen, en dan is die glo nog leeg ook. Glo kan slegs ontvang.

* * *

Ons keer terug, en kom by vraag 21.

Wat is 'n ware geloof? Jy moet steeds wawyd wakker wees. Daar is so baie populêre idees wat jou mislei. Dáárom moet jy jou opvattings slyp op hierdie harde suiwer slypsteen.

Kom ek probeer dit in my eie woorde sê: Om te glo, beteken nie net dat jy alles wat in die Bybel staan vas glo nie (die feite en die gebeurtenisse), maar dit beteken veral dat jy glo dat jóú sonde vergewe is en dat God aan jóú ewige geregtigheid (sondeloosheid) en saligheid geskenk het uit louter genade, d.w.s. net omdat Hy jou jammer gekry het, en nét omdat Christus dit verdien het. Hiérdie gelowige vertroue, vaste wete, hartsoortuiging, word in jou hart gewek, veroorsaak deur die Heilige Gees (maar nie in jou slaap of onder narkose nie) deur die evangelie.[1]

**'N WARE GELOOF IS NIE 'N SOORT TOETS WAT JY MOET SLAAG NIE. ONS WORD ONVOORWAARDELIK GERED. JY KAN DIT ONVOORWAARDELIK VAN HARTE GLO. DíT IS 'N WARE GELOOF.**

Ook nie eers nadat jy jou hart vir Jesus gegee het nie. 'n Vrou op Kimberley het dit so kostelik verkeerd-om vir my gesê in 'n besprekingsdiens: "Eers toe ek my hart vir die Here gegee het, kon ek 2 Kor. 5:17 verstaan, en het dit 'n werklikheid in my lewe geword." Nee, dit werk nie so nie. Die Heilige Gees sê 2 Kor. 5:17 vir jou en al die duisende ander versekerings in die Bybel, en Hy oorrompel jou met God se genade totdat Hy te sterk vir jou word en jy oorgee en 'n gevangene van God word. Dán is jy eers waarlik vry.

Kyk nou weer mooi na die antwoord op vraag 21, en let op dat sy hart in sy einde sit, en moet nooit weer dink dat 'n ware geloof 'n soort toets is wat jy moet slaag nie. 'n Toets wat jou bang maak, want sê nou jy glo nie presies reg nie.[2] Glo die evangelie waarmee die Heilige Gees jou salig spreek, en sê met jou lewe vir Hom dankie daarvoor, en klaar.

* * *

Met vraag 22 bou die Kategismus 'n stuk in hom in wat eintlik nie netjies pas nie, en wat sal maak dat hy 'n klomp dinge weer moet oorsê wat hy reeds gesê het. Hy doen dit uit eerbied vir die oudste belydenisskrif wat in die kerk bestaan, die sogenaamde Twaalf Artikels, wat ontstaan het in die eerste eeue van die Christelike kerk (hoewel die deeltjie oor die neerdaal na die hel honderde jare later eers bygevoeg is).

**Na bl. 4**

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/3 JULIE 1986*

# PREDIKANT EN KERKKANTOOR IN MODERNE OPSET

Die predikant is een van die bes opgeleides in die professionele wêreld vandag. Hy is deeglik en langdurig geskool in die tweede oudste wetenskap – met 'n tradisie van minstens 2000 jaar. En tog is hy administratief gesproke seker die mees afgeskeepte in al die professies.

Om te sê dat die predikant nie maar nóg 'n professionele beroepsmens is nie, maar 'n geroepene, bring geen verandering nie. Sou 'n mens nie juis 'n geroepene nog méér wou onderskraag nie? Waarom moet 'n mens wat die swaar (maar heerlike) taak het om die evangelie stroom-op te verkondig, 'n administratiewe sukkelaar wees?

**DIE LENGTE VAN 'N PREDIKANT SE OPLEIDING IS OMGEKEERD EWEREDIG AAN DIE ADMINISTRATIEWE STEUN WAT HY IN DIE GEMEENTE KRY.**

Nou is daar mense (en predikante) wat die oplossing soek in die rigting van nóg 'n kursussie vir kweekskoolstudente. Iets soos "gemeente-administrasie". Die predikant moet dan daar die basiese beginsels van boekhou en kantoor-administrasie leer, want, sê die ingeligtes, hy sal gou agterkom dat dít die ding is waarmee hy die meeste gaan te doen kry. Finansies, basaars, dankoffersisteme, organisasiewerk, notules, agendas ens. ens. Hy sal agterkom dat 'n mens so sukkel en beset word met hierdie praktiese aangeleenthede dat jy stokflou by jou preek uitkom, en net by die brandendste menslike nood van jou kantoor en telefoon weggedryf word om die grootste vure te gaan blus. En o, die dag as die kerk jou begin gebruik as die skriba van die Ring, en op die Sendingraad, en die sinodale kommissies. Ver voor agt die oggend begin die telefoon al lui en tot tienuur die aand bly jy maar aan die gang en op roep – meesal oor organisatoriese aangeleenthede. Hoe meer daar organisatories in die gemeente aangaan, hoe meer mense bel oor waar dít en dát dan afgegee moet word.

Dáárom, sê die ontnugterde dominees – wat gedag het hulle gaan van huis tot huis en tot op die kansel met die heerlike boodskap loop –: wees 'n bietjie prakties. Verminder die dogmatiek en die etiek en die kerkgeskiedenis. Gee vir die mense boekhou en kantooradministrasie en laat hulle 'n Amerikaanse boek of wat lees oor decision making. As 'n man honneurs in Grieks wil neem, gee hom 'n klap en skryf hom in vir MBA.

### TWAALF AMBAGTE DERTIEN MISLUKKINGS

Nou is ek nie gekant teen 'n bietjie administratiewe kennis en ervaring nie, maar ek wil dit baie duidelik stel dat hierdie poging om die predikant administratief op te lei 'n stap in presies die verkeerde rigting is. Want daarmee vererger jy sy probleem, jy los dit nie op nie. As jy van die predikant 'n uitvoerende amptenaar maak, en 'n skakelbeampte en organiseerder, is dit 'n misplaaste aanwending van arbeidskragte wat hoogstens in 'n noodsituasie regverdigbaar is, maar waarvan so gou soos moontlik wegbeweeg moet word.

Die gemeente wat dit nie insien nie, en dit voorkom nie, moet nie kla as hulle predikant saans te flou is om sinvol huisbesoek te doen en in 'n groef val met sy prediking omdat hy nie meer kans het om te lees nie.

Die predikant wat grootliks op homself aangewese is, loop gevaar om die volgende rolle te moet vul:

*** Ontvangs-"dame"**
"Net 'n oomblik – daar is iemand by die voordeur. Hou net aan. Laat ek net gou kyk wie dit is." Daar is 'n 50 persent kans dat dit 'n maatjie van een van sy kinders is. Stel jou voor dat 'n dokter dié funksie by sy spreekkamer vervul.

*** Telefonis**
Ek dink die gemiddelde gemeentelid het nie 'n idee watter rol die telefoon in 'n predikant se lewe speel nie. Elke oproep verhoog sy spanning. Eers na drie dae by 'n vakansiehuis fluit die voëltjies nie meer soos 'n telefoon nie. Minstens die helfte van die oproepe is administratief en organisatories.

En dan is daar nog die oproepe wat die predikant self moet maak. Eindeloos. "Ek moet nog so-en-so bel", is die manier waarop sy mond naans staan.

*** Pos- en liasseerklerk**

Elke dag het sy kwota van amptelike pos. Dit word (alleen) oopgemaak, gelees, geëvalueer en afgehandel — as daar tyd is. As daar nie tyd is nie, moet dit geliasseer en gedagboek word — na regte. Maar so dikwels gaan dit vergetelheid toe. Dan praat ek nie eens van predikante wat saam met die skriba die algemene pos oopmaak nie.

Dit is 'n tragiese feit dat baie predikante van die kosbaarste tyd spandeer aan liassering. Dis soos 'n monster waarvan hy 'n slaaf word. Studiestukke, brosjures, agendas, notules, diverse memoranda, word sorgvuldig geliasseer en gekatalogiseer om later gelees te word, maar die later breek nooit aan nie.

*** "Tikster"**

Dit gebeur selfs vandag nog dat predikante dringende tikwerk eenvoudig self moet doen. Ergens in die gemeente is wel iemand na wie hy dit sou kon neem, maar as dit haastig gaan, is dit minder moeite om maar self met die twee vingers aan te sukkel op die 19 dinges Remington.

**KERKRAAD EN GEMEENTE BEHOORT 'N PREDIKANT TE BESKERM TEEN HOMSELF — DAT HY HOM NIE DOODWERK NIE. HULLE MOET OOK KEER DAT HY NIE AGTER ONWESENLIKE WERKIES WEGKRUIP NIE.**

*** Organiseerder**

Daar is seker nie 'n predikant wat nie organiseerder van die gemeente word nie. Dis begryplik, want wie ken die mense wat georganiseer moet word beter as hy. Maar dan is dit tog seker nie nodig dat hy die skakelwerk ook moet doen nie. Daar is so baie dinge wat hy, ná die keuse van sy "span" vir 'n spesifieke projek, eenvoudig sou kon delegeer.

*** Posbode**

**As ek net dink hoe dikwels ek al 'n predikant swe**tend en ore in die nek met stukke tussen die gemeentes sien rondjaag het (as hy skriba is), en poskantoor toe.

*** Boekhouer**

Daar is verskeie gemeentes waarin die kassier nie die boekhouer is nie, maar slegs die boekhouersklerk. Dominee is die man wat weet wat finansieel in die gemeente aangaan, en daarom is dominee ook onmisbaar in die finanskommissie. Soms verloop die finansvergadering ook in 'n stryd tussen die predikant en die kerkraadslede. Hy kom voortdurend met nuwe inisiatiewe, en die broers ag dit intuïtief hulle roeping om hom te probeer keer.

*** Administratiewe beampte**

Nou met die vorige punt hang die versoeking saam vir die predikant om sy kerkraad en kommissies te probeer oortuig dat hierdie of daardie "nuwe sisteem" die einde van al hulle probleme sal wees. Sy dit: 'n koevertjiestelsel, die afskaffing van 'n koevertjiestelsel, 'n peg board, kardex, vakkies, hokkies, bussies, blokkies, blikkies, of 'n rekenaar. Legio is ook die wrakke van hierdie sisteme in elke kerkstoor — nadat die kommissielede wat beter geweet het die predikant maar sy sin gegee het, en die predikant 'n beroep aangeneem het.

* * *

Genoeg van hierdie voorbeelde.

Die punt wat ek wil stel, is dat 'n wyse, ingeligte gemeente nie van hulle predikant 'n faktotem (doen-alles) moet maak nie, en ook nie moet toelaat dat hy dit van homself maak nie. Want dit is 'n baie groot versoeking vir 'n predikant om in administrasie skuiling te soek. Administrasie is nie snedig en venynig nie. Dit pers jou nie af met wat die mense dan sou sê nie. En dis 'n manier om met jou gewete oor die weg te kom terwyl jy jou eintlike werk bly vooruitskuif. Jy werk blikners hard met kerklike en gemeentelike dinge, maar jy kom baie selde by die hart van die dinge uit. Jy is voortdurend besig om nuwe sisteme uit te werk en toe te pas; sisteme wat soms pragtig werk, maar wat jou verslaaf. Dit neem soveel van jou tyd in beslag dat, as jy klaar is, daar nie meer tyd is om die vrugte daarvan te gaan pluk nie. Teen die tyd dat jy die pennetjies vir Augustus ingesteek en uitgetrek het, om aan te dui wie gee en wie nie, is dit al September. En dan begin ons weer van vooraf aan.

As u dus gedink het dat u hier te lees gaan kry van nóg 'n idealistiese lugkasteel wat pragtig op papier lyk, maar wat nie sal kan werk nie, het u dit mis. Die teendeel sal waarskynlik waar wees: Wat ek wil aanbeveel is, wat die predikant betref, so sober en eenvoudig, dat dit byna slordig is. Maar dan sal ek dit later aanvul met 'n skets van 'n verantwoorde kerkkantoor.

## DIE STUDEERKAMER VAN DIE PREDIKANT

*** Telefoon**

'n Privaat telefoon vir die predikant asseblief waarheen minstens sy kinders se vriende bel, en die familie, en die vriendinne buite die gemeente. En vanwaar die predikant en sy huisgesin hulle privaat hooflynoproepe maak. En natuurlik hulle bediende. Die predikant is ten volle verantwoordelik vir hierdie rekening.

Geen plan 6 of plan 9 telefoonstelsels met knoppies en klokkies wat elders laat lui nie. Dis 'n dwaasheid om van die predikant die hoogsbesoldigde skakelbordoperateur te maak.

*** Liassering**

Géén liasseersisteem in die predikant se studeerkamer nie. In elk geval nie vir gemeente-administrasie nie. Hoogstens vir sy privaat doeleindes. Laat die kerkkantoor alles sistematies opgaar, en laat Die Kerkbode self op aanvraag vorige artikels naslaan en fotokopieë aanstuur.

Persoonlik glo ek ook nie aan huisbesoekkaarte nie omdat jy nie met die liasseerlaatjie onder jou arm huisbesoek kan doen nie. Ek dra die hele gemeente saam in een (losmaakbare) papierboek - alfabeties. Tydens huisbesoek skryf ek dan sommer by die mense by wat by moet. Ek noem dit my administrasie op my knieë. Na huisbesoek is jy te moeg om nog eers weer jou sisteem op datum te bring.

**GEEN FLUKSE AMPSDRAER SAL BESWAAR Hê TEEN VERSLAGGEWING EN KONTROLE NIE.**

*** Witbord**

Binne handreik van die telefoon kom 'n witbord met meer as genoeg (wasbare) witbordpenne. Die witbord is duur, maar dubbel sy geld werd. Afmetings ongeveer 200 by 300 mm.

Boodskappe word neergeskryf en uitgevee as hulle afgehandel is — terwyl jy aanhou vir die volgende gesprek. Ook dinge wat nie vergeet moet word nie, al staan dit 'n maand daar. Papiertjies raak weg, of deur jou vrou omgedraai vir nóg boodskappe. Die predikant het nie 'n sekretaresse wat sy geheue kan wees en op gesette tye die lêers vir aandag op sy tafel neersit nie.

*** Telefoon antwoordapparaat**

Die predikant kan nie uur na uur sit en wag vir die telefoon om te lui nie. Sy vrou het ook haar eie program, en die bediende en die kinders maak die mense vies en sê onverantwoordelike dinge. Die vrou is buitendien ook 'n moeder en 'n eggenote. (Is dit nie oneties om 'n predikantsvrou sonder betaling te laat werk nie?)

Aanvanklik is die mense sku vir die antwoordmasjien, maar hulle raak hom gewoond. Sy voordeel is dat hy te alle tye boodskappe kan opneem wat die leraar kan afhandel wanneer hy van sy besoeke af terugkom. 'n Predikant mag egter nie, behalwe in uitsonderlike gevalle, die masjien aanskakel wanneer hy tuis is nie, want dan ervaar die gemeente dit as 'n bedrogspul — wat hulle een of ander tyd uitvind. Sou hy dit gerade ag, moet hy sy boodskap op die masjien so verander dat die masjien die waarheid praat oor waarmee hy besig is.

*** Studeer- en werktafel**

Ek dink nie 'n predikant behoort op sy lessenaar te studeer en preek te maak nie. Behalwe as hy mense in 'n ander vertrek kan ontvang. Hy kan nie vir elke nuwe besoeker opruim nie, en om hulle oor al die oop boeke te woord te staan, skep nie 'n rustige atmosfeer nie. 'n Aparte werkstafel kom dus handig te pas in 'n groot genoeg studeerkamer.

*** Geïsoleerde werkplek**

Met die vorige punt hang die uiters belangrike volgende vereiste saam dat die predikant se werkplek voldoende van sy huishouding geskei moet wees sodat hy én sy huishouding normaal met hulle werk moet kan voortgaan. Dit is 'n absolute onhoudbare situasie dat 'n predikant se kinders 'n pastorie begin haat omdat daar altyd 'n gedempte atmosfeer heers want "daar is mense by Pa", of "Pa werk aan sy preek". Net so verkeerd is dit as pa as gevolg daarvan 4h30 opstaan op 'n Sondagoggend om met die vaak in sy kop en oë in die salige stilte sy boodskap te probeer maak.

*** Interkom**

As die leraar nie 'n telefoonsentrale het nie, en hy is eenkant, is 'n interkom kombuis toe 'n logiese vereiste.

*** Werksure**

Uiteraard is die predikant voltyds op roep. Ek dink egter nie hy hoef "op kantoor" te wees voor 9h00 nie, en hy behoort elke middag, indien enigsins moontlik 'n bietjie te rus. As hy werk tot eenuur, en dan weer van 4 tot 10nm, is dit reeds 'n 10 uur werksdag. Dis penny wise and pound foolish om 'n predikant flou te ry (of om hom toe te laat om hom flou te spook) en om dan uiteindelik met 'n man (en sy vrou) te sit wat meer met siekverlof as iets anders is.

Dieselfde geld sy af-dag per week ('n predikant het nie 'n vry-dag nie) en sy vakansie. Hou dop dat hy nie verlof onnodig ophoop nie. En 'n afnaweek per kwartaal of tweemaandeliks en na Pinkster, is uiters bedagsaam.

* * *

U moenie die indruk kry dat ek 'n luilekker lewe

vir die predikant probeer beding nie. As al hierdie verskonings en maskers van die predikant opgedoek is, kan die kerkraad met 'n skoon gewete sy pond vleis eis. "Ons het alles gedoen wat ons kon om u hande los te maak, hoe is dit dan dat u steeds nie huisbesoek doen nie?"

Daarby werk hy ook harder as wat u dink, maar u sal my tog nie glo nie.

## DIE KERKKANTOOR

So kom ons dan by die hoofdis.

'n Goed toegeruste en voldoende bemande kerkkantoor maak dit moontlik vir die leraar om uit die administratiewe slawehuis van Egipte vry te kom.

*** Snelskriftikster**
'n Snelskriftikster is haar gewig in goud werd. As sy ook die skriba is, notuleer sy nie slegs sekuurder nie, maar die predikante tel eenvoudig die telefoon op en dikteer in twee minute 'n brief wat normaalweg, op die ou manier — as daar nie onderbrekings kom nie — van 20 minute tot 'n halfuur in beslag sou geneem het. Daar is maar agt halfure in 'n oggend.

*** Kantoorure**
'n "Kerkkantoor" by iemand se huis waar saans die noodsaaklikste doopseels en lidmaatsertifikate uitgereik word, is 'n ramp. Minstens vier ure per dag, vyf dae per week.

*** Bekwame persoon**
Oggendposte is gewoonlik skaars en gesog, en gewoonlik kan 'n kerkraad 'n baie bekwame dame uitsoek vir 'n billike salaris. Waarskynlik sal 'n bykomende tikster/klerk ook gou benodig word.

## INRIGTING VAN KANTOOR

'n Kantoor wat die hartklop van die gemeente uitmaak, moet darem 'n lus wees om in te werk. Mooi gordyne, 'n warm mat, skoon, heel, smaakvol. Daar moet voorsiening wees vir teemaak ens.

*** Toerusting**
Ordentlike lessenaars

Egte tiksterstoele

'n Moderne tikmasjien wat smaakvol tik. Nie 'n ou rammelkas-veteraan wat soos 'n praaimus klink op sy back space nie. Dit mag vir ouderwetse persone oorbodig klink, maar ordentlike tikwerk behoort tot die subtiele dinge wat 'n gemeente die indruk gee dat daar "iets aangaan" in die gemeente. Iets wat die moeite werd is.

Voldoende liasseerkabinette. MET CRADLES.

Goeie afrolmasjien (met voorskote of oorrokke om die personeel se klere te beskerm). Of 'n fotokopieerder as die gemeente dit kan bekostig. Waak teen die dominee wat 'n vlakdrukmasjien wil koop.

'n Adresseermasjientjie kan handig wees — bv. vir omskrywes aan kerkraadslede. Daar moet egter baie versigtig hiermee omgegaan word, omdat 'n adresseersisteem een van die wreedste slawedrywers kan word. 'n Kerkkantoor met 'n fotokopieerder kan maklik op gomstrokies fotokopieer.

'n Dagboek — nie net 'n almanak nie — waarin sake vir latere aandag gedagboek kan word.

'n Visuele sisteem waarop die hele gemeente se name en adresse staan — besoekpuntsgewys.

Hierdie sisteem is uiters noodsaaklik, maar moenie verkeerd aangepak word nie. Dit moet onder geen omstandighede in die predikant se studeerkamer staan nie — want dan word dit sy baas, en daarna 'n sisteem waarvan hy aan alle besoekers moet sê dat dit ongelukkig nie op datum is nie.

Dit moet ook nie in die konsistorie hang nie, want daar sit weinig sin in dat die kerkraad 'n ding op datum hou waarna niemand anders kyk nie.

**DIE KERKKANTOOR IS DIE HART VAN DIE GEMEENTE. DIS DWAAS OM TE GIERIG TE WEES OM 'N GOEIE KANTOOR TE FINANSIER. GIERIGAARDS GAAN BUITENDIEN NIE HEMEL TOE NIE.**

Hy moet teen die kerkkantoor se muur hang sodat daar in die administratiewe sentrum van die gemeente altyd 'n **op datum** lys van lidmate beskikbaar is. (Dit was die oorspronklike doel met die lidmaatregisters, maar almal weet dat 'n lidmaatregister vandag alles behalwe klop met wat in die gemeente leef en beweeg. Hoe ouer die gemeente, hoe meer afgestorwenes se name staan die registers vol.) En die kantoorpersoneel moet hom daagliks byhou hoofsaaklik uit die inligting wat bekom word van ouderlinge en diakens se verslae — waaroor later meer.

Dit is 'n ongelukkige feit dat die enigste naasteby korrekte register van baie gemeentes verspreid lê by die huise van 60, 80 of 100 kerkraadslede. En op die dominee s'n wat ook nie altyd op datum is en kan wees nie.

As die kerkkantoor nie oor 'n outentieke lys beskik nie, hoe weet hulle om deurlopend lidmaat-

sertifikate aan te vra?

En wat van 'n rekenaar? Ek is jammer, daar skiet my ervaring te kort. My indruk is dat 'n rekenaar iets is wat die kerk landswyd moet aanpak met 'n sentrale register waaruit elke gemeente met 'n terminaal put. Plaas mense wat sê dis die antichris, onder sensuur.

*** Die boekhouding**
Dit is moontlik om van die skriba of haar/sy assistent ook 'n kassier en boekhouer te maak, maar met al die werk op hande, beveel ek dit nie aan nie. Die boekhouding neem maklik ure in beslag en word 'n al groter las vanweë telefoononderbrekings ens. Dis beter om die finale boekhouding aan 'n aparte boekhouer te gee, of sommer aan die ouditeur self wat dit billik doen, en dan geen probleem met sy eie ouditering het nie.

*** Skakelwerk**
Dit is merkwaardig hoeveel tyd die predikant spaar as die kantoor die maak van afsprake oorneem. M.a.w. die blote telefoonwerk. Van tyd tot tyd verstrek die leraar 'n lys (onafgehandelde nuwe intrekkers, persone wat nie tuis was met roetine-huisbesoek nie, volwasse katkisante ens.) en gaan met sy werk aan. Op sy spesiale afspraakaand reël die kantoor sy spesiale afsprake in die kantoor, tuis of by mense aan huis, en sord dat die ouderling ook daar is.

Op dieselfde wyse word vergaderings se datums bepaal, en kommissielede daarvan kennis gegee.

Is die oorname van skakelwerk deur die kantoor nie 'n verlies aan persoonlike kontak nie? Nee. Want waar die werklike kontak plaasvind, is die predikant wel — heelwat varser, nie deur talle oproepe afgerem nie. En die kantoor het die voordeel dat húlle met al meer mense kennis maak. Na enkele maande vind die predikant met verwondering uit dat die kantoorpersoneel die meeste gemeentelede se name ken, en weet in watter wyke hulle val.

## ENKELE SISTEME

'n Goed bemande en toegeruste kantoor maak dinge moontlik wat andersins onmoontlik is.

*** Wykslyste**
Elke kerkraadslid ontvang by sy bevestiging 'n lêer met naamlyste van sy wyk. (Hy is dus nié afhanklik van die "wykskaart" waarmee sy voorganger verhuis het nie.) Die ouderling ontvang 4 en die diaken 12. Die ouderling teken kwartaalliks die datum aan waarop hy elke belydende lidmaat na die nagmaal nooi, en of die vorige nagmaal bygewoon is. Agterop die vorm lewer hy verslag (ook oor wanneer die leraar laas in sy wyk huisbesoek gedoen het), en stuur die vorm aan die kerkkantoor wat op hierdie wyse gereeld inligting oor nuwe intrekkers en vertrektes ontvang en onmiddellik die ander partye (leraar, diaken, wyksleidster) skriftelik in kennis stel.

Die diaken doen maandeliks verslag van die bydraes in sy wyk, en voltooi ook sy algemene verslag agterop .

Albei hierdie verslae word in die wykslêer geliasseer en van tyd tot tyd deur die leraar besudeer met die oog op huisbesoek-opvolg. Uit die nagmaalsverslae kan die tugsake uiteindelik kom teen lidmate wat oor die loop van jare die sakrament en die Woord "verag". Of misverstande oor die nagmaal kan opgeklaar word, bv. as sou dit net vir super-Christene bedoel wees.

Die ledelyste word jaarliks opnuut uitgereik.

*** Maandelikse staat van dankoffers ontvang**
Ek is 'n voorstander van die koevertjiesisteem hoofsaaklik omdat dit verseker dat die hele gemeente op betaaldag iets in die hand kan hê om 'n dankoffer in te gee. Moderne diakens verkeer op alle denkbare en ondenkbare plekke in dié week waarop hulle in die wyk moes gewees het, by ons selfs in Swart Afrikastate. Die koevertjies word deur die kantoor gepos, en op die koevertjie wat terugkom staan 'n kode wat net deur die kantoor ontsyfer kan word, en so vertroulikheid waarborg. Die kode bestaan uit: Wyk no./Eerste letter van die Van/ straatnommer. Dan kan die volgorde van die name op die lys maar na willekeur wissel.

Die koevertjies word wyksgewys gesorteer, en die bedrae bygedra geallokeer. Dit maak dit moontlik om maandeliks 'n baie akkurate verslag aan die kerkraad voor te lê van wat in elke wyk gebeur.

*** Verslag aan kerkraad oor werk van diakens**
Een van die basiese geheime van goeie administrasie is verslag en kontrole. Daar sal altyd protes hierteen bestaan, maar 'n kerkraad wat sy sout werd is, sal weet om geldige protes teen werklike rompslomp te onderskei van beswaar teen kontrole wat pligsversuim onmoontlik sal maak. 'n Flukse man sal nooit teen sinvolle kontrole protesteer nie.

*** Begrotingskontrole**
'n Maandelikse begrotingskontrole is nie die vrug van 'n flinke kantoor nie, maar van die boekhouer.

Die totale begroting word deur twaalf gedeel en elke maand word een twaalfde by die vorige maand(e) getel. Dit hoef nie tot op die sente te klop nie, en het die voordeel dat die einde van die jaar jou nooit kan verras nie.

*** Agenda - notule - liasseerindeks**
'n Baie groot bate in kantooradministrasie is gestandardiseerde agenda-hoofde. Hierdie hoofde se Romeinse syfers of alfabetletters verander nooit en loop deur van agenda na notule na liasseerindeks. Dit spaar op die lange duur ure se werk, want jy soek net onder één hoof. Sending is bv. altyd onder VIII en al die sendingebesluite word in die liasseerkas ook onder VIII geliasseer.

Hiermee verval die nuttelose "besluiteregister" en ook die oorsaak van eindelose herhalings op agendas en notules — gebore uit die berugte "sake uit notule". Sake uit die vorige notule wat nog aandag verdien, word meteens onder die toepaslike hoofde geplaas. Ook "algemeen" verval. Hy moes nooit bestaan het nie.

As u 'n liasseerindeks opstel, onthou asseblief dat elke eerste lêer in elke hoofafdeling se naam DIVERSE is. As hierdie lêer vrugbaar is, kan hy geboorte gee aan 'n lêer wat 'n spesifieke naam het.
Bv. : III ADMINISTRASIE EN FINANS
1. Diverse
2. Maandstate
3 Ouditeursverslae
4 Rekenings te betaal
1. Vir goedkeuring
2. Afgehandel

Word nou 'n brief geskryf oor 'n probleem met 'n rekening, is die verwysing: III/4/1.

Elke hoofopskrif van u indeks staan op 'n aparte bladsy sodat die geboortes uit Diverse onderaan gevoeg kan word.

As u voorbeelde van enige van die vorms of verslae onder oë wil kry, is u welkom om by ons navraag te doen.

## TEN BESLUITE

Daar word baie gepraat en geskryf oor vernuwing in die kerk. Ek dink een van die eerste plekke waar vernuwing moet kom, is in die kerkadministrasie. Dit kan daar begin. En as die predikant se hande los is, en sy skouers nie meer so krom nie, kan hy met die evangelie na die huise en die harte gaan en begin om die mense te herprogrammeer. Want ons gemeentes sit tot aan hulle krae met 'n moralistiese godsdiensbeskouing. Daarom mis hulle die vreugde van verlossing, en daarom sit hulle met die angs dat hulle dalk sal verlore gaan as hulle nie groot gedoop word nie.

Dit gaan dus nie om administrasie ter wille van administrasie nie. Dit gaan oor die geoliede wiele wat die verkondiger van die evangelie in staat stel om waarlik VDM te wees. En, uiteraard, om ook die ouderlinge en diakens in staat te stel om hulle ampswerk goed te doen.

## MERKWAARDIGE BEKERING

Van bl. 20

Maar jy mág dit glo! het ek gesê. God het my gestuur om dit vir jou te kom sê. Jy mág dit glo. Ek smeek jou om Christus ontwil aanvaar die versoening wat Gód bewerkstellig het.

Sy het weer geprewel dat sy wens sy kon.

Toe het ek oor die tralies van die wit cot gebuig, oor die mooi mens wat baie min dae oor gehad het om te lewe. Terwyl my trane onbeskaamd loop, het ek gesê: Tannie Groenewald, mag ek namens Tannie met die Here praat?

Ja, Meneer, het sy gesê, jy kan maar.

Toe het ek gesê: Here, ek praat met U namens Tannie Groenewald. Sy het my volmag gegee om namens haar te praat. Here, sy glo. Sy glo dat Jesus Christus vir al haar sondes en skuld op Golgota gesterf het.

En, baie dankie Here, dat U nie eers meer kan onthou wat daardie aand op die De Wets se plaas gebeur het nie.

Toe het sy geskreeu. Ek weet nie wat sy geroep het nie. So goed as wat ek die verhaal kan onthou, so min kan ek onthou wat sy uitgeroep het. Ek het dit onmiddellik vergeet, want dit was te skerp en te skokkend. Dit was iets soos: "Is dit waar!!? God! Is dit waar!?"

Toe ek haar begrawe, het ek hierdie hele verhaal in die kapelletjie op Maitland vertel. Die paar mense het nie gelyk of hulle eintlik verstaan nie, maar ek het nie omgegee nie. Dit was asof ek praat met die mens wat ek liefgehad het. Die ou mens met die jongmeisie-mooi agter haar oë. Die begaafde mens wat salig gesterf het, maar wat ook salig kon geleef het as sy nie met 'n karikatuur van die evangelie mislei was nie.

(Uit Swart op Wit, 1/2)

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/3 JULIE 1986

# 'N MERKWAARDIGE BEKERING

**SY KON SALIG GELEEF HET – AS SY NIE MISLEI IS DEUR 'N KARIKATUUR VAN DIE EVANGELIE NIE.**

Ek het al wonderlike bekerings gesien, maar van almal was Tannie Groenewald s'n die merkwaardigste.

Tannie Groenewald het die klavier in die ouetehuis gespeel as ons biduur hou. Al was sy drie en tagtig, het die jongmeisie-mooi nog agter haar oë gesit. En haar stem was nog heel. Hy het, soos Moses s'n, nie gekraak nie.

Sy is gebore op 'n wa terwyl haar vader op pad was na die kanale by die Grootrivier om 'n heenkome te soek. Op pad het al sy osse en ander beeste op een na gevrek, en toe het 'n man hom ses donkies gegee om met sy wa en vrou en baba verder te trek.

Naby Upington het Tannie Groenewald toe grootgeword op die De Wets se plaas.

Twee myl van haar af was 'n klavier. Maar in die veld soontoe was 'n jaagspinnekop wat die dogtertjie voorgelê het – tot haar pa eendag saamgeloop het om dié ondier wat tussen haar en geluk gelê het, dood te maak.

Op sewentien is sy universiteit toe op Robertson. So lank terug was dit. En daar het sy onder die prediking van 'n pastor Smith uit Engeland tot bekering gekom. Dié prediker het hulle vertel hoe hulle gered kan word, en toe het sy tot bekering gekom. Maar dit is nie die bekering waarvan ek wil vertel nie.

Voor ek verder gaan, moet ek miskien net vertel dat sy my hierdie verhaal twéé keer vertel het. Die tweede keer meer volledig, en in 'n bed nadat hulle vir haar gesê het die bloedoortappings help nie meer nie, die leukemie het die oorhand gekry.

Meneer, ek kan haar stem nog hoor, Meneer, dit was absoluut wonderlik. Ons, ek en die ander meisies, het met ons koppe in die wolke geloop. Alles om ons was mooi en binne was 'n ekstase wat onbeskryflik was. Om gered te wees; om so naby die Here te wees en te voel.

Maar die Desember-vakansie is ons toe huis toe. En die De Wets was vrolike mense, en Oujaarsaand het hulle ons na hulle groot huis genooi, en daar het ek toe tot 'n val gekom.

Sy het 'n oomblik gehuiwer. Ek kon sien dis swaar vir haar om daaroor te praat, en ek het koud geword oor wat ek verwag het.

Meneer, ek het weer gedans. Ek het die Here in die steek gelaat. Ek het Hom verraai. Nooit kon ek Hom weer vind nie. Ek het my trane oor al die jare opgehuil, maar dit was verniet. God het geswyg. Die wonder was weg.

My vader het gesê ek moet my skuld bely en berou hê, en ek het dit gedoen. Baie, baie kere. Maar dit het nie gehelp nie. Ek kon voel die Here het my verwerp.

* * *

Later is sy met 'n jong konstabel getroud, en sy het kinders gehad, en weduwee en oud geword, en ouetehuis toe gekom, waar sy die klavier gespeel het op gehoor en geheue, hallelujas en psalms en gesange, maar nie die nuwes nie. En toe het die jaagspinnekop haar ingehaal.

Daar was diep leed in die mooi oë en die bleek gesig, oor haar verraad ses en sestig jaar gelede op die De Wets se plaas.

Sy kon die dood nie in die oë kyk nie. Sy het geweet die dood is baie naby, en die oordeel. Sy het gesê dat sy bang is vir die dood omdat sy wéét die dinge tussen haar en God is nie reg nie.

Toe het ek aan haar die evangelie verkondig. Die blye boodskap dat Jesus vir al al haar skuld betaal het. Alles, end-uit. Dat Hý die dinge tussen haar en God reggemaak het. Dat Hý haar met God versoen het omdat Hy geweet het sy sal nie kan nie. Dat Hy haar al voor die grondlegging van die wêreld liefgehad het en dat niks haar meer van sy liefde sal skei nie.

Sy het mooi gehoor. Haar vlugge verstand was nie afgemat soos haar liggaam nie. Sy het verstaan wat ek sê, maar sy kon dit nie glo nie.

Meneer, ek wens ek kon dit glo, het sy gesê.

**Na bl. 19**